

**Skriflesing:** Spreuke 27; Mattheus 5:21,22; Openbaring 6: 1,8

Heidelbergse Kategismus: **Sondag 40**

**Sing- Ps. 66:1; Ps. 72:1,2; Ps. 79:1,2,7,9**

**Spreuke 27**

**Pro 27:1** Beroem jou nie op die dag van môre nie, want jy weet nie wat die dag sal bring nie.

**Pro 27:2** Laat 'n ander jou prys en nie jou eie mond nie; 'n vreemde, en nie jou eie lippe nie.

**Pro 27:3** **Swaar is 'n klip, en die sand het gewig;** maar die ergernis oor 'n sot is swaarder as altwee.

**Pro 27:4** **Woede is wreed, en toorn kook oor; maar wie kan voor jaloersheid standhou?**

**Pro 27:5** Openlike teregwysing is beter as verborge liefde.

**Pro 27:6** Die wonde deur een wat liefhet, is opreg bedoel, maar die soene deur 'n vyand is oorvloedig.

**Pro 27:7** 'n Versadigde siel vertrap die heuningstroop, maar vir 'n hongerige siel is alles wat bitter is, soet.

**Pro 27:8** Soos 'n voël wat ver van sy nes af rondvlieg, so is 'n man wat ver van sy tuisplek af rondswerwe.

**Pro 27:9** Olie en reukwerk verbly die hart, net so die aangenaamheid van 'n vriend vanweë welgemeende raad.

**Pro 27:10** Moenie jou vriend en die vriend van jou vader verlaat nie, en kom nie in die huis van jou broer op die dag van jou teëspoed nie. 'n Buurman wat naby is, is beter as 'n broer wat ver is.

**Pro 27:11** Wees wys, my seun, en verbly my hart, sodat ek hom wat my smaad, kan antwoord gee.

**Pro 27:12** As 'n skrandere die onheil sien, verberg hy hom; maar die eenvoudiges gaan verder, word gestraf.

**Pro 27:13** Neem sy kleed weg, want hy het vir 'n ander borg gestaan; en neem hom as pand vir 'n onbekende.

**Pro 27:14** Wie vroeg in die môre sy naaste met 'n harde stem 'n seën toeroep, dit sal hom as 'n vloek aangereken word.

**Pro 27:15** 'n Aanhoudende gedrup op die dag van 'n stortreën en 'n twisgierige vrou is net eenders.

**Pro 27:16** Wie haar wil teëhou, hou wind teë, en sy regterhand ontmoet olie.

**Pro 27:17** Yster slyp yster, so slyp die een mens die persoon van die ander.

**Pro 27:18** Wie 'n vyeboom oppas, sal sy vrugte eet; en hy wat vir sy heer sorg, sal geëer word.

**Pro 27:19** Soos in die water aangesig teenoor aangesig is, so is die hart van die mens teenoor die mens.

**Pro 27:20** Die doderyk en die plek van vertering word nie versadig nie; so word die oë van 'n mens nie versadig nie.

**Pro 27:21** Die smeltkroes is vir die silwer en die oond vir die goud, so is 'n man volgens die roem wat hy geniet.

**Pro 27:22** Al stamp jy die sot in 'n stampblok tussen graankorrels met 'n stamper, sy sotheid sal nie van hom wyk nie.

**Pro 27:23** Gee noukeurig ag op die voorkoms van jou skape, rig jou aandag op die troppe vee;

**Pro 27:24** want 'n skat is nie vir ewig nie—of sal 'n kroon wees van geslag tot geslag?

**Pro 27:25** As die gras verdwyn en die jong gras verskyn en die bossies van die berge bymekaargemaak word,

**Pro 27:26** dan is daar lammers vir jou kleding en bokke as 'n koopprys vir grond,

**Pro 27:27** en genoeg bokmelk as voeding vir jou huis en as lewensonderhoud vir jou diensmeisies.

**Mattheus 5:21-22**

**Mat 5:21** Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie doodslaan nie, maar elkeen wat doodslaan, moet verantwoording doen voor die gereg.

**Mat 5:22** Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir sy broeder sonder rede kwaad is, verantwoording moet doen voor die gereg; en elkeen wat vir sy broeder sê: Raka! moet verantwoording doen voor die Groot Raad; en elkeen wat sê: Jou dwaas! moet verantwoording doen in die helse vuur.

**Openbaring 6: 1,8**

**Rev 6:1** En ek het gesien toe die Lam een van die seëls oopmaak; en ek het een van die vier lewende wesens hoor sê, soos die geluid van 'n donderslag: Kom kyk!

**Rev 6:8** En ek het gesien, en kyk, daar was 'n vaal perd. En hy wat daarop sit, sy naam is die dood, en die doderyk het hom gevolg. En aan hulle is mag gegee oor die vierde deel van die aarde om dood te maak met swaard en hongersnood en pes en deur die wilde diere van die aarde.

**Skriflesing:** Spreuke 27; Mattheus 5:21,22; Openbaring 6: 1,8

Heidelbergse Kategismus: **Sondag 40**

**Sing- Ps. 66:1; Ps. 72:1,2; Ps. 79:1,2,7,9**

Geliefde broeders en susters- Verlede keer toe ons uit die Kategismus gepreek het, het ons gesien dat die toue waarmee God die wêreldgeskiedenis bymekaarhou is GESAG en GEHOORSAAMHEID. Dit vorm die die orde wat daar in ons samelewing moet bestaan. Hier moet orde wees. Vandag vat die Here se Wet ons nog verder en saam met die orde is ons belydenis dat hier moet LIEFDE wees. Die volgende 4 gebooie is soos 'n skild wat voor elke liefdesverhouding, of liefdesband opgestel word. In liefde moet ons mekaar se lewens respekteer. In liefde moet ons mekaar se huwelike respekteer. In liefde moet ons mekaar se besittings respekteer. In liefde moet ons mekaar se naam respekteer.

Die sesde gebod is die gebod wat oor die LEWE handel. Dit gaan oor lewe, oor dood. Watter magtige teëstelling, watter groot werklikheid. Hy lewe, hy is dood. Dit is soos die ooste en die weste wat 'n boodskap vir mekaar het. Die boodskap gaan oor bloed, mensebloed. Bloed wat die draer van lewe is. Bloed wat 'n stem het. Orals in die Skrif kan ons dan ook die stem van bloed hoor praat. Niks kan harder praat as die stem van vergote bloed nie. As die mense in Suid-Afrika dit tog maar net wil onthou. Die bloed wat in hierdie land alreeds gevloei het en nog steeds vloei is besig om hard te praat. Dit is soos die stem van baie waters. Hoeveel bloed het nie al gevloei, is besig om saam te vloei nie.

U lees in die Bybel en die eerste gebore mens is 'n moordenaar. Die Kain van Adam en Eva maak sy eie broer dood. Broedermoord! Hy het gedink hy kan maar stilbly. Ma en pa sal mos nie weet nie. Hy het vergeet dat vergote bloed vir homself kan praat. Bloed wat lyk of dit in

die grond wegsink, wegsypel, het 'n stem wat bokant die aarde, tot in die hemel weerklink.  
*Die stem van die bloed van jou broer roep na My van die aarde af....*

Kain wou stilbly, God bly nie stil nie. Die eerste woorde wat ons weet Kain direk uitgespreek het,- *Ek weet nie. Is ek my broer se wagter?* Hierdie is die taal van Kain, die eerste uitgesproke woorde van die eerste gebore mens, is vol bedrog, vol heimlike kwaad, vol van haat, jaloersheid, afguns. Voor die tyd lees ons niks van wat Kain gesê het nie, as hy sy mond vir die eerste keer oopmaak, *dan is sy keel 'n grafkuil, 'n oop graf, met sy tong pleeg hy bedrog, die gif van 'n adder is onder sy lippe. Sy mond is vol vervloeking en bitterheid. Haastig is sy voete om bloed te vergiet. Verwoesting en ellende is in sy pad en die weg van vrede ken hy nie.* Daar is geen vrees van God voor sy oë nie. As dit van Kain, die eerste gebore mens op aarde vanuit Romeine 3 gesê kan word, wat moet dan van u en my gesê word?

Is dié Kain in u en my doodgemaak, broeder en suster? NEE,! As dit só was, dan sou die sesde gebod nie nodig gewees het nie. Dan sou groot dele van die Skrif nie nodig gewees het nie. Kain is springlewendig, die moord in dood is springlewendig. U kan die lyne, die verbande in die Skrif ook maar weer deurtrek. Ons het begin by Kain en Abel, die eerste moord, maar dan sien ons vanuit die Skrif dat die geskiedenis van die wêreld 'n al hoe groter moordkuil sal word. In Openbaring, die laaste boek, is daar 'n moord lyn wat vanaf Genesis, die begin tot die einde deurgetrek moet word. Ons het in Openbaring 6 iets daarvan gelees.

Openbaring 14 praat van baie bloed wat sedert Abel opgedam het. Vers 20 is daardie gerig wat God oor die aarde gaan uitoefen, waarby bloed uit die parskuip van die grimmigheid van God tot aan die tooms van die perde, 200 myl ver sal kom. In Openbaring 6 is daar die perde met verskillende kleure. Die wit, die rooi, die swart, die vaal perde met hulle ruiters. Natuurlik versinnebeeld elke kleur 'n simboliese waarde. Die rooie wys op die bloed. Die slagting wat daar in die wêreld sal plaasvind. Die oorlog, die onheil. Die swarte wys op die ekonomie. Die ekonomiese swaarkry, armoede weens onreg. Die ellende, die hongersnood, die gebrek aan brood wat daar is. Die vaal is dit waarmee die sesde gebod dringend besig is. Die dood. Vaal is 'n ongewone, 'n eienaardige kleur. Die ruiters op die vorige perde, die witte, die rooie, die swarte, het elke keer iets in hulle hande gehad. Eienaardig dat die ruiter van die vaal perd NIKS in sy hande het nie. Hy het net 'n NAAM, niks in sy hande nie, sy naam is die dood.

Die dood op sigself het niks in die hande wat dit hoef saam te dra nie. Op sigself is dit 'n verskrikking, nogtans kom dit na die wit perd, die vale loop in die skaduwee van die witte. Die witte is rein, onbevlek, is vrede. In God is Christus op die wit perd. Hy het die evangelie in sy hande, die evangelie waarmee die sede gebod ook die oorwinning oor die bloedslagting, die ekonomiese swaarkry, die dood, aankondig. In Christus is ons saam met Hom op die witte, ons is meer as oorwinnaars!

MAAR nog steeds kan die vaal perd nie weggewens, of weggeredeneer word nie. Die dood het nog verskeie skakeringe. Dit maak die sesde gebod LEWENS noodsaaklik. Op verskillende maniere is daardie bloed wat vloei. Uit ons belydenis wil ek nou vervolgens kyk na die bloed wat uit die hart vloei. Daarna, die bloed wat met woorde vloei. Laastens, bloed wat uit die hande vloei.

### **Bloed wat uit die hart vloei**

Die hart is die binneste. Daar waar haat, afguns, woede begin, wat in moord kan eindig. Die binneste is dan ook die plek waaruit Christus met die bergrede begin...*elkeen wat vir sy broeder sonder rede kwaad is, moet verantwoording doen voor die gereg....*Die innerlike gesindheid van die hart waaruit nie net doodslag nie, maar talle ander uitinge van liefdeloosheid voortkom. Daardie kwaad wat in die hart saamgedra kan word, is dit wat met die gedagtes te doen het. Die skokkende is dat 'n mens met jou gedagtes 'n moord kan pleeg, sonder om tot die uitwendige daad oor te gaan. Afguns, haat, woede, wraaklus, dit alles wat in die hart en gedagtes sit – **Dit alles is vir Hom heimlike moord.** Dit is die Kain in my.

Ons belydenis begin met die hart en met die gedagtes – **Ek mag nie self en ook nie deur iemand anders my naaste onteer, haat, beledig of doodmaak nie. Ek mag dit nie met my gedagtes, woorde of gebare doen nie en nog minder met die daad....**Onteer is om die eer van my naaste tot skande te maak. Om sy lewe te verbitter. Dit is die eerste moord druppels wat uit 'n mens se hart kan begin vloei. In die hart lê dan ook die haat. Haat is om met 'n vyandige gesindheid die lewe vir my naaste ondraaglik te maak. Die ou vertaling van ons belydenis maak dan ook nog baie van die woordjie nydigheid. Nyd staan saam met haat. Haat kom eintlik uit nydigheid na vore. Nyd is wanneer 'n mens afgunstig is oor die geluk, eer en welvaart van 'n ander mens.

Die eerste Johannes-brief het op verskeie plekke 'n manier om die eerste moord druppels wat in 'n mens se hart lê saam te vat. Daardie **heimlike moord** waarvan ons belydenis praat. Die nydigheid in my wat haat veroorsaak, is 'n duisternis- 1 Johannes 2:11 *Maar hy wat sy broeder haat, is in die duisternis en wandel in die duisternis en weet nie waarheen hy gaan nie, want die haat is 'n duisternis wat sy oë verblind het.....*Die haat kan die naaste nie verdra nie, dit verblind die oë, dit is ten diepste 'n wens dat iemand anders nie bestaan nie. Die nydigheid wat uitloop op haat staan in 1 Johannes 3:15 nog duideliker – *Elkeen wat sy broeder haat, is 'n moordenaar...*

.Vooraf praat Johannes dan ook van Kain wat uit die Bose was en sy broer doodgeslaan het. En dan vra Johannes – *Waarom het hy hom doodgeslaan?* Die antwoord lê in haat- *omdat sy werke boos was en die van sy broer regverdig.* Haat loop uit op bose werke. Die Kainstaal van haat sluit my uit die koninkryk uit... *julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe as iets blywends in hom het nie.* 1 Joh. 4:20 bring dan die haatlyne uit die eerste Johannes-brief vir ons bymekaar as daar staan- *20 As iemand sê: Ek het God lief—en sy broeder haat, is hy 'n leuenaar; want wie sy broeder wat hy gesien het, nie liefhet nie, hoe kan hy God liefhê wat hy nie gesien het nie?* Haat is 'n duisternis, dit maak van my 'n leuenaar en die ergste van alles is, ek is besig om met my opstanding te peuter. Ek word 'n broer van die duivel, wat die vader van die leuen is. Ten spyte van die duisternis en die leuen en die oordeel wat haat oor my bring, is haat 'n vreeslike gewig wat ek met my moet saamdra. Spreuke 27 praat van die *swaar klip, die sand wat gewig het en net daarna woede is wreed en toorn kook oor.....* Dit alles begin by nydigheid, by haat. 'n Mens wat elke dag in haat wakker word en opstaan, sal eendag na hierdie lewe ook in die hel opstaan, met die haat wat dan as gewig in hom sal ONTPLOF! Na haat staan in ons belydenis die woord beledig en dit het met woorde te doen. Dit wat in die hart is kom nou na buite. Ons tweede gedagte is dan ook-

**Die bloed wat met woorde vloei.**

Woorde kan vlymskerp wees en iemand se siel verwond. Dit kan op iemand anders 'n permanente letsel veroorsaak. Dit is dan ook die tong, wat die skerpste van alle swaarde kan wees. 'n Klein lid wat 'n helse vuur aan die brand kan steek. Hoe ken ons dit in die gemeente?! Jakobus het al daarvan gepraat – hoofstuk 3:5-6 *Net so is die tong ook 'n klein lid en beroem hom op groot dinge – kyk hoe 'n groot hoop hout steek 'n klein vuurtjie aan die brand. Die tong is ook 'n vuur, die wêreld van ongeregtigheid. Net so 'n plek neem die tong onder ons lede in; dit besmet die hele liggaam en steek die hele lewensloop aan die brand en word uit die hel aangesteek....*

Die tong is van die instrumente wat geneig is om sonde in 'n mens te bevrug. Alle lewe begin by bevrugting, sonde begin ook by bevrugting en dit lyk my tonge het nogal 'n manier om 'n groot rol in die bevrugting van sonde te speel. Al begin dit op 'n stil manier, met 'n versoeking, gou raak die tonge besig! Gou is daardie bloed wat met woorde vloei. Jakobus 1:14,15- *Maar elkeen word versoek as hy deur sy eie begeerlikheid weggesleep en verlok word.* En dan is daar mos die bevrugting – *As die begeertes bevrug geraak het, bring dit die sonde voort.....dit baar sonde en die naam van die babatjie wat gebore word, is die dood, daar staan – as die sonde ryp geword het, as dit tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort, dit loop uit op die dood.* Soos die seksuele werk, so werk die sonde, so help die tonge. Die tonge wat so gif kan saai, is vrugbare bloed wat vloei, net jammer dat uit hierdie vrugbaarheid word die dood gebore. Iemand wat aan die dood geboorte gee, het in sy hart, sy binneste daarmee begin, dit het in sy mond gekom, daar is die bloed wat met woorde vloei en op die einde is ons laaste gedagte-

**Bloed wat uit die hande vloei.**

Ons belydenis praat van doodmaak. Die heimlike moord word OPENBAAR! Dit kan 'n gebaar wees, dit kan 'n daad wees! Moord met gebare word deur die belydenis baie hoog uitgelig. Die manier om iemand met die vinger te wys, spottend die oog te knip, terwyl ons dink die mens sien of weet dit nie, dit alles is openbare moord. Liggaam en siel word gewond, dit kan iemand finaal afbreek.

En dan kom die deel, die moord met die daad. Bloed wat dan letterlik uit die hande vloei. 'n Daad van geweld wat die ander persoon sy lewe kos. Dit klink so onwerklik, in ons land is dit so werklik! Kragtige manne, weerlose vroue, niksvermoedende kinders wat op die wyse al hulle lewe verloor het. U het al gesien as 'n druppel water op 'n vuurwarm plaat val. Dit maak net 'n sis-geluid en dan skiet dit weg. So maak die mens met die sesde-gebod as daar vanuit ons politieke werklikheid, ons volkere-werklikheid, ons verhoudinge-werklikheid oor die sesde gebod gepraat moet word. 'n Druppel water op 'n warm werklikheid, dit spring weg, mense het daar NIKS aan, as die Here sê- *Jy mag nie doodslaan nie.....*

Dit vloek met die werklikheid. Daar is net 'n sis-geluid.

Verder is daar allerhande pogings om slimmer te probeer wees as wat God is. Doodstraf op moord is afgeskaf, al is God se gebod daarvoor so duidelik. Vergelyk Genesis 9:6, vergelyk Exodus 21:14, vergelyk Mattheus 26:52. Die moderne manier om die Skrif op 'n subtile

wyse te hanteer, deur alles wat daar in die Woord staan te relativeer teen 'n eietydse werklikheid maak dit moeilik.

God word eenvoudig net nie meer op sy WOORD geneem nie. Née, die mens se reg is nou die bepalende, die maatstaf, die werklikheid, die poging wat daar is om die REG van God in sy Woord te verdraai. Voor ons daarmee nie ophou nie, sal die bloed wat daarvoor vloei nog baie strome vorm. Die wraak van God is hierby ter sprake, maar moet dit tog nie met die wraakgierigheid van die mens verwar nie. Dan is ons al weer besig om die reg van God met die reg van die mens te verwar. Die Here kom die wraak toe. God is 'n God van WRAAK (Ps. 94:1) Hy sal vergelde. Die Here beloof dan ook dat Hy Hom op sy vyande sal wreek. Die owerheid het ons 'n vorige keer gesien is daar om orde te handhaaf, dit vra gehoorsaamheid, maar hulle moet ook IN DIE HERE 'n WREKER wees, om die een wat kwaad doen te straf. Dit is wat wraak in die Here beteken, dit is straf dat iemand wat 'n misdadig gepleeg het met 'n straf wat daaraan gelykstaan gestraf moet word.

Wraak in die Here is heeltemal anders as wraak in die mens. Wraak in die mens is 'n wraakgierigheid. Gierigheid dra niks goed nie. Ons belydenis lê dan ook in 'n aparte sin die verband met wraak – *Ek moet alle wraaksug laat vaar*. Wraak het met Kain en Abel begin, al kan die menseog dit nie sien nie, die Here sien dit! *Is ek my broer se wagter.....* watter subtiele poging om die wraak weg te steek. Die broedermoord lyk of dit net tussen twee broers lê, maar daar is 'n dieperliggende oorsaak. Die wraak gaan oor 'n offer. Dit gaan oor godsdiens. Dit gaan oor diens aan God.

Dit gaan oor God. God het dan ook die vier Wesensname –God is Gees; God is liefde, God is lig, God is LEWE! Hy is die FONTEIN van die lewe. Die Oorsprong, die Beskikker, die Gewer, die Wagter, die Bewaker van Lewe. Die skepping in die begin, is die begin van LEWE. God wat in Christus die lewende Woord is. Die Woord waarmee God geskep het, die Woord waarmee God verlos het, is die EEN Woord, die Woord JESUS CHRISTUS. Christus wat waaragtig God en die ewige lewe is, is een God.

Christus wat deur die Heilige Gees lewewekend werk. Die Gees van God is lewewekend! God wat in die paradys die asem die lewe in die neusgate van die mens blaas sodat die mens 'n lewende siel word. Hy wek lewe. In dit alles moet ons raaksien hoe kosbaar die lewe is wat God is.

Die teëstelling van lewe is dood, iemand wat doodslaan is iemand wat God wil doodmaak. Met Christus het dit gebeur. Die moord is die bloed wat nou die bloed van liefde soos God dit verkondig in u moet laat opstoot. Die liefde wat soos salf kunstig toeberei 'n lieflike geur versprei. Die salf waarmee God ons smeer is deur en deur genade.

'n Selfmoordenaar, soos selfmoord by Abimeleg, soos Saul, soos Agitofel, soos Simri, soos Judas Iskariot, moet ons veroordeel. Ons moet die daad veroordeel, soos wat ons belydenis dit dan ook doen, maar wees versigtig om 'n mens te oordeel. Wie sê die bloed van Christus kan so iemand nie red nie? God ALLEEN sal weet.

AMEN